HOËRSKOOL STELLENBERG HIGH SCHOOL Laat Kennis Leef Let Knowledge Live		PRYSUITDELING- en EREKLEUREBELEID	
Vir goedkeuring deur		Formulering van beleid	Erekleurekomitee
Weergawe-datum	15 Junie 2022	Toepassingsveld	
Hersieningsdatum	Aug 2022	MHB-Beleidnommer	

1. DOELSTELLINGS

1.1 Om leerders wat uitsonderlik presteer, op 'n wyse wat die prestasie waardig is, erkenning te gee.

1.2 Om erkenning te gee aan leerders wat op ‘n uitsonderlike wyse diens aan die skool gelewer het, of die beeld van die skool bevorder het.

1.3 Om leerders wat hul onderskei het in terme van volharding, ywer en toewyding te beloon.

1.4 Om geleentheid in te ruim vir die seremoniële inhuldiging van verkose leerderleiers.

1.5 Om die prysuitdelings tot 'n werklik gesogte geleentheid te ontwikkel wat as 'n hoogtepunt in die skooljaar sal uitstaan.

2. ALGEMENE BELEID

2.1 Skenking van bekers, trofeë, ens. moet deur konsultasie met die skoolhoof en die erekleurekomitee voorafgegaan word.

2.2 Toekennings van 'n hoër orde moet groter sigwaarde hê as dié van 'n laer orde.

2.3 Toekennings word gedoen aan die hand van duidelike, voorafbepaalde kriteria.

2.4 Die getal toekennings word beperk tot voorafbepaalde kategorieë tensy anders deur die skoolhoof en komitee besluit.

2.5 Waar toekennings gebaseer is op subjektiewe oordeel, sal 'n komitee bestaande uit die skoolbestuur en leerkragte wat leerders/spanne vir die spesifieke kategorie genomineer het, die pryswenners bepaal.

2.6 Indien daar in 'n bepaalde jaar geen geskikte kandidaat in 'n bepaalde kategorie is nie, word die betrokke toekenning nie gedoen nie.

2.7 Nominasies vir spesiale toekennings word aan die skoolhoof vir oorweging voorgelê.

2.8 In geval van wisselbekers of -trofeë ontvang die leerder 'n medalje as aandenking.

2.9 Die beplanning en organisering van die funksie is uitsluitlik 'n personeelaangeleentheid. Een lid van 'n bepaalde jaar se komitee moet verkieslik, in die daaropvolgende jaar, steeds in die komitee dien.

2.10 Die funksie vind so laat moontlik in die jaar plaas, maar op 'n tydstip wat matrikulante toelaat om daarin te kan deel.

2.11 Toekennings vir graad 8 - 12 word by die prysuitdeling gedoen, asook erekleure vir graad 12.

2.12 Die program is onderhewig aan goedkeuring van die skoolhoof en kan ook voorsiening maak vir leerderdeelname.

2.13 Die uitnodiging van 'n gasspreker en eregaste geskied te alle tye in oorleg met die skoolhoof.

2.14 Pryswenners word in die derde kwartaal, by wyse van die skool se eie nominasievorms genomineer. Die nominasievorms word vir goedkeuring by die portefeuljehoofde ingedien, alvorens dit vir finale besluitneming aan die erekleurekomitee en die skoolhoof voorgelê word.

2.15 Die geleentheid word ook vir die bekendmaking van verkose leerderleiers benut.

2.16 Die skoolhoof behou die reg voor om enige kandidaat vir 'n toekenning te diskwalifiseer.

2.17 Wysiging van kriteria kan geskied in die geval van uitsonderlike omstandighede soos ‘n pandemie.

3. ALGEMENE RIGLYNE

3.1 Pryswenners moet op voorafbepaalde datums gefinaliseer word.

3.2 Alle trofeë en medaljes moet ten minste EEN maand voor die prysuitdeling na die graveerder gestuur word.

- Elke trofee moet duidelik gemerk word met die leerder se noemnaam en van (korrekte spelling gekontroleer).
- Waar geen toekenning gemaak word nie, word die woorde "geen toekenning" op die trofee aangebring.
- Die medaljes vir graadposisies moet met die leerder se naam, van, jaartal en die graadposisie gegraveer word.
- Medaljes vir hoogste toekennings moet met die leerder se naam, van en die jaartal gegraveer word.

3.3. Daar moet vroegtydig, in oorleg met die skoolhoof, besluit word op die formaat van die spesiale toekenning, sodat dit betyds gemaak kan word.

3.4 Eregaste, in oorleg met die skoolhoof, moet betyds genooi word en finale reëlings in verband met die funksie moet weer aan hulle gestuur word nadat hulle positief op die uitnodiging gereageer het.

3.5 Sertifikate vir die pryswenners word by die skool gedruk. Elkeen van hierdie sertifikate moet gekontroleer word t.o.v. die volgende:
- korrekte spelling van die noemnaam,
- taalmedium van die leerder;
- vak waarvoor die leerder die sertifikaat ontvang.

3.6 Boekpryswenners in graad 12 ontvang elk 'n geskenkbewys. Die koevert en geskenkbewystoekenning moet gekontroleer word t.o.v. die volgende:
- korrekte spelling van die noemnaam;
- taalmedium van die leerder.

3.7 Reëlings moet vroegtydig getref word sodat foto's van die pryswenners op dieselfde aand geneem word.

3.8 Na afloop van die prysuitdelingsfunksie moet die organiseerders 'n lêer met al die inligting t.o.v. die program, gaste, pryswenners ensomeer vir rekorddoeleindes saamstel.

3.9 Die organiseerder moet ook bestellings betyds plaas sodat die korrekte getal medaljes, hoogstetoekenningknopies, dasse en leerderraadlapelwapens (in beide tale) vir die daaropvolgende prysuitdeling beskikbaar sal wees.

3.10 Pryswenners word in 'n voorafbepaalde volgorde ingeoefen.

3.11 Bywoning:
Die prysuitdeling is ‘n pligfunksie vir die volgende groepe:
- die personeel
- alle pryswenners.

Dit is die verantwoordelikheid van die komitee/organiseerders om seker te maak dat alle pryswenners wel die geleentheid bywoon.

3.12 Gedrag en voorkoms van leerders:
- Leerders dra formele drag met ‘n das en baadjie.
- Die prysuitdeling is die vertoonvenster van ons leerders en hulle prestasies, en daarom moet hulle voorkoms en gedrag onberispelik wees.

3.13 Addisionele akademiese prysuitdelings:

Januarie: Graad 12 NSS-uitslae: A-kandidate
Februarie/Maart: Graad 8 tot graad 11 (Vakpryse, akademiese erekleure vir vorige jaar en Summa Cum Laude.)

3.14 Alle trofeewenners kry ook 'n medalje. Geen pryswenner word toegelaat om 'n wisseltrofee huis toe te neem nie.

****

AFDELING: AKADEMIE

Kriteria vir akademiese toekennings

1. Pryse word toegeken op grond van leerders se promosiepunte (Gr.8-11 se finale rapportpunte en Graad 12-SBA-punt, -PAT en -mondeling.)

2. Indien leerders dieselfde punt behaal het, sal die toekenning aan al die betrokke leerders gemaak word. Roupunte word nie gebruik om tussen ‘n eerste en tweede posisie te onderskei nie.

3. Die hoogste gemiddelde persentasie word bereken op: 4 verpligte vakke en 3 beste keusevakke. LO en addisionele vakke word ingesluit. Slegs WKOD-vakke word in berekening gebring.

4. Leerders moet alle SBA-assessering volledig voltooi wat verwerkte punte insluit. (Sien beleidstuk 25 en beleidstuk 87 vir toekenning van verwerkte punte en afwesighede).

5. Vakspesialiste en graadposisies:
   - Leerders moet beide eksamens, Junie en November, aflê om vir vakpryse en graadposisies in aanmerking te kom.
   - Indien ‘n leerder met ‘n geldige rede nie die eksamen afgelê het nie, word die geval aan die Bestuur voorgelê. Die Bestuur besluit of die betrokke leerder wel in aanmerking mag kom vir die betrokke vakprys en of graadposisie.

   Moontlike geldige redes:

   - Siekte deur ‘n mediese sertifikaat bevestig.
   - Deelname aan ‘n kompetisie waar die leerder die skool verteenwoordig, provinsiaal of nasionale deelname.
   - Bywoning van ‘n byeenkoms van opvoedkundige aard.
   - Afsterwe van ‘n gesinslid.
   - Vakverandering na die Junie-eksamen.
   - Nuwe leerder na die Junie-eksamen.
   - Uitruilstudente: bv. leerders wat skooljaar oor twee jaar voltooi (beide eksamens moet by Stellenberg afgelê word. Leerders kom vir alle pryse in aanmerking.)

1. KATEGORIE: HOOGSTE TOEKENNING: DUX-LEERDER – Graad 12

Toekenning: Wisselbeker en vergulde medalje
Kriteria: Hoogste gemiddelde prestasie Kwartaal 2 en 3 (eksamenkwartale). Bo en insluitend 80% in graad 12 behaal.

2. KATEGORIE: HOOGSTE TOEKENNING: AKADEMIESE VOLHARDING (Graad 12 alleenlik)

Toekenning: Wisseltrofee en vergulde medalje
Kriterium: Akademiese volharding tot aan die einde van kwartaal 3 ten spyte van die leerder se omstandighede. Nominasies word aan die Bestuur voorgelê.

3. KATEGORIE: HOOGSTE GRAADPOSISIES

Toekenning: Medalje:
Eerste posisie (Dux) – wisseltrofee en vergulde medalje
Gr. 12: Tweede posisie - silwer
Derde posisie - brons
Gr. 10-11: Eerste drie posisies - brons
Kriteria: Leerders wat volgens die kategorie "hoogste prestasie" die die eerste drie posisies behaal.

4. KATEGORIE: HOOGSTE VAKPRESTASIE

Graad 12-vakpryse: Topdriekandidate per vak word aangewys
Kriteria: Hoogste gemiddelde persentasie in SBA-punt (+PAT+mondeling) (leerders moet die volle eksamen aflê), minimum 70% moet behaal word alvorens ‘n vakprys toegeken kan word.

Graad 8-tot 11-vakpryse:
Pryse word toegeken op grond van leerders se promosiepunt vir die vak. Leerders moet ‘n volledige eksamen in Junie- en Novembermaand aflê om vir die vakprys in aanmerking te kom. Indien leerders dieselfde promosiepunt behaal, sal die prys gedeel word tussen die leerders. Gevalle waar daar twyfel bestaan moet eers aan die Adjunkhoof (Akademie) voorgelê word. (Sien kriteria vir akademiese toekennings.)

Die toekenning is:
Graad 12: geskenkbewys plus diploma (eerste posisie), diploma (tweede en derde posisies)
Graad 8 - 11: diploma (slegs eerste posisie)

ANDER AKADEMIESE TOEKENNINGS

Addisionele vakpryse (Graad 12):
Hierdie toekennings sal deur die akademiese komitee en Adjunkhoof (akademie) op ‘n jaarlikse basis oorweeg word. Bv.

- Eduvos-wisseltrofee: Hoogste prestasie in IT en Wiskunde
- PWC: Hoogste prestasie in Wiskunde en Rekeningkunde
- C2M: Hoogste prestasie in Rekeningkunde
- Taalvaardigste leerder (tweetaligheid)
  - Wisseltrofee en bronsmedalje
  - Toekenning word gemaak op grond van huistaal alleenlik.
  - Graad 12-leerder wat:
    - Junie - sowel as September-eksamen afgelê het en
    - die hoogste SBA-gemiddeld in Afrikaans- sowel as Engels Huistaal behaal het.
- Hoogste gemiddelde prestasie in Skeppende Kunste (Ontwerp / Visuele Kunste) **en** Uitvoerende Kunste (Musiek / Drama).

Akademiese vordering: (Graad 12) Leerder ontvang ‘n sertifikaat.
Hoogste gemiddelde vordering vanaf graad 10 tot graad 12 (Gr.10-promosiepunt, Gr.11-promosiepunt, Gr.12: kwartaal 1 tot 3). Let wel: die leerder moet in al drie jare dieselfde vakke geneem het.

5. KATEGORIE: SPESIALE TOEKENNINGS (Skoolhoof se toekenning)

Toekenning: Trofee

Kriteria :

1. Konstante volharding
2. Verdienstelike vordering
3. Besondere prestasie op vakverwante gebied.

AFDELING: KULTUUR

1 KULTUURSPESIALISTE / MERIETETOEKENNINGS VIR KULTUUR

1.1 ALGEMENE KENNIS

Toekenning : Wisseltrofee en bronsmedalje
Kriteria : Aangewys op grond van prestasie in die jaarlikse algemene kennis-toetse.

1.2 AKTEUR VAN DIE JAAR
1.3 AKTRISE VAN DIE JAAR

Toekenning : Wisseltrofee en bronsmedalje
Kriteria : Uitstaande optrede tydens 'n toneelopvoering of musiekblyspel deur die skool aangebied.

1.4 VEELSYDIGSTE AKTEUR/AKTRISE:

Toekenning : Wisseltrofee en bronsmedalje
Kriteria : Veesydigste optrede tydens toneelopvoering(s) of musiekblyspel

1.5 ENGLISH DEBATING: BEST JUNIOR SPEAKER
1.6 ENGLISH DEBATING: BEST SENIOR SPEAKER

Award : Floating trophy and bronze medal
Criterion : Awarded during a debating competition with external judges and set criteria. The final decision lies with the committee in instances where there is more than one winner.

1.7 ENGLISH DEBATING: VALUED CONTRIBUTION

Award : Floating trophy and bronze medal
Criterium : Awarded to a learner who has participated in Interschool Debating Competitions from Grade 8 to Grade 12.

1.8 BESTE AFRIKAANSE DEBATTEERDER: JUNIOR
1.9 BESTE AFRIKAANSE DEBATTEERDER: SENIOR

Toekenning : Zandra Duvenhage-wisseltrofee en bronsmedalje
Kriteria : Aangewys tydens 'n debatkompetisie met eksterne beoordelaars volgens standaardbeoordelingskriteria. Indien daar meer as een wenner in die jaar aangewys is, berus die besluit by die komitee.

1.10 BESTE AFRIKAANSE REDENAAR: JUNIOR
1.11 BESTE AFRIKAANSE REDENAAR: SENIOR

Toekenning : Wisseltrofee en bronsmedalje
Kriteria : Aangewys tydens 'n redenaarskompetisie met eksterne beoordelaars volgens standaardbeoordelingskriteria. Indien daar meer as een wenner in die jaar aangewys is, berus die besluit by die komitee.

1.12 FOTOGRAAF VAN DIE JAAR

Toekenning : Wisseltrofee + bronsmedalje
Kriteria : Leerder wat die grootste bydrae gelewer het as fotograaf.

1.13 BESTE BYDRAE: MEDIA (JOERNALISTIEKE BYDRAE)

Toekenning: Wisseltrofee en bronsmedalje

Kriteria: Bydrae van uitsonderlike hoë standaard wat die gehalte en status van die publikasie bevorder.

Genre: Letterkundige of ander bydrae tot skoolkoerant of jaarblad, of die skool se amptelike sosialemediaplatform.
Verdienstelike behartiging van 'n rubriek.

1.14 BEST PROGRESS IN SINGING AS A SUBJECT OR AS AN EXTRAMURAL SUBJECT

Award : Elizabeth Wright Solo Singing Trophy and bronze medal

Criterion : The objective of this trophy is to encourage the learner who delivers work of a consistently high standard and displays true passion for singing. The trophy is not necessarily awarded for highest overall results but, rather, for diligence, enthusiasm, talent and consistency.

1.15 BESTE (SANG)ENSEMBLE: Cornel Riedemann-trofee

Toekenning : Cornel Riedemann-wisseltroffee en bronsmedalje

Kriteria : Die trofee word toegeken aan die sangensemble wat die beste prestasie tydens ‘n eksterne kompetisie behaal het. In gevalle waar daar geen kompetisies was nie, kan die wenners deur die kultuurhoof in samewerking met die hoof van musiek bepaal word.

1.16 BESTE MUSIKALE BYDRAE IN DIE DEPARTEMENT: MUSIEK

Toekenning : Hoërskool Stellenberg Musiekdepartement-trofee en bronsmedalje

Kriteria : ‘n Trofee om erkenning te gee aan ‘n verdienstelike musiekleerder. Die trofee word nie slegs aan prestasie gekoppel nie, en kriteria vir toekenning sluit in toewyding tot die aktiwiteite van die musiekdepartement, behulpsaamheid en ‘n positiewe houding.

1.17 BESONDERSE PRESTASIE IN MUSIEK

Toekenning : Wisseltrofee en bronsmedalje

Kriteria :
1. Uitstaande prestasie(s) op enige terrein in musiek, amptelik verteenwoordigend van die skool.
2. Veelsydigheid op musiekgebied.

1.18 UITSTAANDE KOORBYDRAE:

Toekenning : André van der Merwe-wisseltrofee en bronsmedalje

Kriteria : Die koorleier bepaal die leerder wat die beste / grootste bydrae tot die koor gelewer het.

2 HOOGSTE TOEKENNINGS

Slegs graad 11- en 12-leerders kan hiervoor in aanmerking kom. In uitsonderlike gevalle mag ‘n graad 10-leerder oorweeg word.

2.1 UITSTAANDE KULTURELE PRESTASIE: DOGTER

2.2 UITSTAANDE KULTURELE PRESTASIE: SEUN

Toekenning : Wisseltrofee en vergulde medalje

Kriteria :

1. Betekenisvolle bydrae tot die bevordering van kultuur in die skool.
2. Aktiewe betrokkenheid op kulturele gebied, gekenmerk deur diensbaarheid.
3. Hoogstaande prestasie op enige kulturele gebied; amptelik verteenwoordigend van die skool.

Puntetoekenning:

Deelnemer :	Wenner / Toekenning:	Skoolvlak	1
	Wenner / Toekenning:	Streekvlak	2
	Wenner / Toekenning:	Provinsiale Vlak	3
	Wenner / Toekenning:	Nasionale vlak	4
	Wenner / Toekenning:	Internasionale vlak	7

2.3 VEELSYDIGSTE KULTURELE PRESTASIE

Toekenning : Wisseltrofee en vergulde medalje

Kriteria :

1. Betekenisvolle bydrae tot die bevordering van kultuur in die skool.
2. Aktiewe betrokkenheid op ‘n verskeidenheid kulturele gebiede; gekenmerk deur diensbaarheid.
3. Hoogstaande prestasie op meer as een kulturele gebied, amptelik verteenwoordigend van die skool.

2.4 KULTUURSPAN VAN DIE JAAR

Toekenning : Skild

Kriteria : Die kultuurkomitee sal nominasies vir *Kultuurspan van die Jaar* bespreek en deur middel van konsensus op ‘n wenner besluit. Die span wat met hul prestasie en voorbeeld, die meeste lof vir die skool verwerf het, sal in hierdie geval oorweeg word.

Fokus is op die meeste lof wat behaal is; die “wenmotief” is nie die belangrikste kriteria in hierdie geval nie.

SPORTTOEKENNINGS:

Slegs graad 11- en 12-leerders kan vir *Sportman of -vrou van die Jaar* oorweeg word, asook *Veelsydigste Sportman of -vrou van die Jaar* en *Sportmanskap – seun en dogter*.
Indien die prestasie van ‘n graad 10-leerder, volgens die sportkomitee, van so ‘n aard is dat dit kan meeding met die bovermelde kan dit deur die sportkomitee oorweeg word.
(Die kriteria by kategorieë 1 tot 6, dien slegs as riglyne.)

HOOGSTE TOEKENNING
KATEGORIEë:

MERIETETOEKENNING: SPORT

Elke sportsoort besluit self oor die kriteria waarvolgens die toekenning gedoen word.
Toekenning: Sportwisseltrofee en bronsmedalje

1. Atletiek: dogter en seun
2. Atletiek: Dale-trofee
3. Fietsry: dogter en seun
4. Gholf: dogter en seun
5. Hokkie: dogter en seun
6. Krieket: dogter en seun
7. Landloop: dogter en seun
8. Muurbal: dogter en seun
9. Netbal
10. Rugby
11. Sewesrugby
12. Skaak
13. Swem: dogter en seun
14. Tennis: dogter en seun
15. Tweekamp: dogter en seun
16. Beste Junior Sportprestasie: Seun en Dogter (Kriteria: Dieselfde as Sportman en Sportvrou)

HOOGSTE TOEKENNING

Slegs graad 11- en 12-leerders kan vir *Sportman of -vrou van die Jaar* oorweeg word, asook *Veelsydigste Sportman of -vrou van die Jaar* en *Sportmanskap – seun en dogter*.
Indien die prestasie van ‘n graad 10-leerder, volgens die sportkomitee, van so ‘n aard is dat dit kan meeding met die bovermelde kan dit deur die sportkomitee oorweeg word.
(Die kriteria by kategorieë 1 tot 6 dien slegs as riglyne.)

1. SPORTMAN VAN DIE JAAR

Toekenning : **Wisseltrofee en vergulde medalje**
Kriteria : Besondere prestasie, sportmanskap.
Besondere prestasie in ’n skoolsport behaal.
Indien TWEE of meer kandidate gelykloop, sal die volgende kriteria oorweeg kan word:
Provinsiale kleure 3
SA-medaljewenner (silwer en brons) of
SA: B-span 4

SA-Span / SA-kampioen	8
Sportmanskap	3
Gedrag:	
Op sportveld	2
Algemene gedrag en voorbeeld gestel	2

- Geen spanprestasie mag in die toekenning van die Sportman en -vrou van die Jaar in berekening gebring word nie.
- Insluiting in ‘n WP- of SA-oefengroep of as ‘n niereisende reserwe van genoemde spanne, tel DRIE punte. Indien ‘n leerder tot ‘n SA-span verkies word, verval bogenoemde.
- Indien die geleentheid dit regverdig, kan daar na veelsydigheid van die sportman of -vrou gekyk word.

2. SPORTVROU VAN DIE JAAR

Toekenning : Wisseltrofee en vergulde medalje
Kriteria : (Sien kriteria vir sportman)

3. VEELSYDIGSTE SPORTVROU

Toekenning : Wisseltrofee en vergulde medalje.
Kriteria : * Deelname in meer as een skoolsportsoort in die eerste spanne van die skool.
* Provinsiale kleure in skoolsportsoort.

1. Eersgenoemde kriteria is altyd die eerste keuse van die toekenning.
2. Indien daar ’n gelyke uitslag is, geniet provinsiale kleure in ’n skoolsport voorkeur.
3. Indien daar nog nie ‘n uitslag is nie, is SA-kleure in ‘n skoolsport die kriteria.

4. VEELSYDIGSTE SPORTMAN

Toekenning: Wisseltrofee en vergulde medalje.
Kriteria: Dieselfde as vir veelsydigste sportvrou

5. SPORTMANSKAP: SEUN EN DOGTER

Seun: Wisselbeker en vergulde medalje.
Dogter: Wisselbeker en vergulde medalje.
Kriteria: Uitleef van sportmanskap.

Bepunt praktiese voorbeelde van sportmanskap soos deur die voorsteller in die motivering genoem.

- bekwaamheid in sport
- eerlike mededinging
- hoflike verhoudings/optrede op en vanaf die sportveld.
- blymoedige aanvaarding van oorwinning of neerlaag
- billikheid teenoor teenstanders
- geen onwettige gedrag op en vanaf die sportveld

Toekenning : Wisselbeker en vergulde medalje
Kriterium : Uitleef van sportmanskap.

AFDELING: ALGEMEEN

KATEGORIE

1. OLIMPIADE: HOOGSTE TOEKENNING

Toekenning : Wisseltrofee en vergulde medalje

Kriteria : Beste prestasie in ‘n olimpiade op nasionale vlak. In gevalle waar daar in ‘n spesifieke jaar meer as een uitsonderlike prestasie was, word die wenner deur middel van ’n puntestelsel bepaal. Faktore om in ag te neem sluit in: die aantal deelnemers en punte behaal. Indien konsensus nie bereik kan word nie, mag die toekenning gedeel word.

2 ENTREPRENEUR VAN DIE JAAR: MERIETETOEKENNING

Toekenning : Wisseltrofee en bronsmedalje

Kriteria : Leerders kry die geleentheid om ‘n kort sakeplan of opsomming in te dien om in aanmerking vir hierdie trofee te kom. Die aansoeke word, in samewerking met die vakhoofde van die handelsdepartement, beoordeel om die wenner te bepaal. Kriteria sluit winsgewendheid en innovasie in.

3. VEELSYDIGHEID: HOOGSTE TOEKENNING

Toekenning: Wisselbeker en vergulde medalje

Kriteria: Veelsydigste senior leerder in alle kategorieë. Punte word toegeken vir elke skoolverwante kategorie nl. akademies, sport, kultuur, leierskap en dienslewering.

Kultuur Uitstaande kulturele bydrae

Sport (sien puntestelsel: sportseun/-dogter)

Akademie (sien erekleuretoekennings)

1 punt per toekenning

2 punte vir hoogste toekenning

4. SUMMA CUM LAUDE

Toekenning : Erebaadjie (Wynrooi) met Summa cum Laude-wapen.

Kriteria : 4 x Akademiese erekleure

1 x Sport (erekleure)

1 x Kultuur (erekleure)

Deurlopende deelname in skoolsport- en kultuurdissiplines is ‘n voorvereiste.

5. SPESIALE TOEKENNINGS (SKOOLHOOF SE TOEKENNING)

Toekenning: Trofee

Kriteria: Volharding; vordering; diens; leierskap; besondere bydrae en/of prestasie op sportgebied binne/buite skoolverband.